Persverklaring
Maart 2020
VIR ONMIDDELLIKE UITREIKING

Quantum Analytical Services (Pty) Ltd smelt saam met NviroTek Laboratoriums (Pty) Ltd

Wellington - Quantum Analytical Services (Pty) Ltd, gebaseer in Malmesbury, is vanaf Maart 2020 deel van die NviroTek-groep en skuif binnekort na NviroTek Wynland Laboratoriums se nuwe, beter toegeruste fasiliteit in Kerkstraat 54, Wellington.

'n Voordeel wat die integrasie inhou is dat die laboratoriums van die NviroTek-groep, SANAS-geakkrediteerd is wat dus integriteit van resultate verseker. Quantum lewer vir meer as 20 jaar reeds laboratoriumdienste aan water, veevoer en voedingsmiddels verwante bedrywe. Personeel van Quantum Analytical Services (Pty) Ltd skuif na NviroTek Wynland Laboratoriums en persoonlike kontak gaan met kliënte gehandhaaf word om optimale dienslewering te verseker. Beide laboratoriums se bestaande analises en ontledings word aangebied en laat dus die kliënt met 'n breër spektrum van dienste om van te kies.

NviroTek Laboratoriums is 'n onafhanklike laboratoriumgroep wat dienste reg oor Suider-Afrika lewer met fasiliteite in Hartbeespoort, Noordwes provinsie, asook in Wellington, Wes-Kaap provinsie. Quantum Analytical Services (Pty) Ltd gaan die handelsmerk van NviroTek Laboratoriums aanneem en alle operasionele sake sal onder NviroTek Wynland laboratoriums bedryf word.

Ons dienste fokus op fisiese en chemiese ontledings van gronde, blare, voere, water, kunsmis, kalk, kompos en groeimediums, asook mikrobiologie op voedsel, deppers, water en verwerkte produkte. Higiëne monitoring, chromatografie vir MRL/residu bepalings en biologiese ontledingsdienste word ook gelewer. Die beste beskikbare toerusting en tegnieke is geïmplementeer om aan internasionale standaarde vir kwaliteit en omdraaityd te voldoen. NviroTek Laboratoriums neem deel aan verskeie vaardigheidskemas om akkurate, relevante en betroubare resultate te verseker.

NviroTek Laboratoriums streef daarna om kliënte te bemagtig om sodoende ingeligte besluite te verseker.

Vir meer inligting skakel:

- NviroTek Laboratoriums, Hartbeespoort: 012- 252 7588
- NviroTek Wynland Laboratoriums: 021 -873 3514

###

Postnet Suit 229, Private Bag X0001, Ifafi, 0260
012 252 7588 www.nviroteklabs.co.za
Reg No: 2007/029712/07
VAT No: 4650249032
DS Pienaar, PJB Malan, EM Joynt, R Wolmarans

T0822